GKSA NUUSBROKKIES

Sondag 17 Mei 2020

LIEF EN LEED

Beterskapwense

Ons bid vir almal wat operasies ondergaan het of tuis aansterk of nog vir ‘n operasie in die komende week moet gaan Gods seën op ‘n spoedige herstel toe.

Hartlike gelukwense aan die volgende predikante/professore en eggenotes met hul verjaarsdae

15 Mei	Ds GJ Dhlamini (Jan) – GK Khunwana
15 Mei	Mev M van der Merwe (Minharde), eggenote van dr RM van der Merwe (Rudolph) – GK Parys
16 Mei	Ds EJ van Jaarsveld (Jandré) – GK Tsumeb
17 Mei	Ds HJP de Beer (Hendrik) – GK Magol
18 Mei	Ds SP Mentjies (Petrus) – GK Monyakeng
18 Mei	Ds DJ Maritz (Daniël) – GK Pretoria-Brooklyn
18 Mei	Ds MW Kruger (Thinus) – GK Newcastle
18 Mei	Mev EJA Pelser (Dalize), eggenote van ds AL Pelser (Abri) – GK Bethlehem
18 Mei	Mev L de Vries (Lanae), eggenote van dr BA de Vries (Brian) – GK Pretoria-Annlin
18 Mei	Mev R Myburgh (Roné), eggenote van ds LD Myburgh (Daniël) – GK Venterstad
19 Mei	Mev A van der Walt (Alvira), eggenote van ds AB van der Walt (Braam), GK Plettenberg/Knysna
19 Mei	Mev B Coetzee (Barenda), eggenote van ds GC Coetzee (Gideon) – GK Standerton
19 Mei	Mev L Janse van Rensburg (Loraine), eggenote van ds R Janse van Rensburg (Reghard) – GK Delmas
21 Mei	Ds JL van der Schyff (Jannie) – GK Welkom
21 Mei	Ds AH Steyn (Abel) – GK Lydenburg
21 Mei	Ds G Janse van Rensburg (Gerhard) – GK Durban-Noord

21 Mei	Mev YM Hattingh (Yvonne), eggenote van ds HB Hattingh (Bernard) – GK Warmbad
21 Mei	Mev AS de Villiers (Aletia), eggenote van ds SA de Villiers (Stephanu) – GK Grootfontein

Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti met hul verjaarsdae

17 Mei	Ds MP Lekgetho (Philip) – GK Boikhutso
20 Mei	Mev C Spoelstra (Chris), eggenote van prof B Spoelstra (Bouke) – TSP
20 Mei	Ds PA Coetzee (Peet) – GK Potchefstroom
21 Mei	Dr J le Roux (Johann) – GK Pretoria-Brooklyn

Hartlike gelukwense aan die volgende teologiese studente by die Teologiese Skool Potchefstroom met hul verjaarsdae

14 Mei	Cheer Motshwaia
15 Mei	Johann de Waal
16 Mei	Xolisa Matrose

Gods ryke seën word u toegewens vir die nuwe lewensjaar *(Ps 16:5, 6)*

Gelukwense aan ds Anton en Innecke Dednam van GK Bergsig met die geboorte van hul seuntjie

Gelukwense aan ds Henk en Maronél Stavast van GK Nylstroom met die geboorte van hul kleindogter

Simpatie betuiging aan ds Slabbert le Cornu van GK Carletonville met die afsterwe van sy vader (24 April 2020)



Hartlike gelukwense aan dr Kobus Erasmus, van GK Volksrust, met sy debuut-digbundel "V*lug van die arend*"

Witkruisarend

Met oë wat 'n nuwe dag begroet
met 'n lyf wat met nuwe moed die lewe ontmoet
wag op die hitte van die dag....na die nag
kyk na die son in die Ooste, is dit warm of koud?

Die tyd van jag kom aan,
die oë gefokus,
die vlerke word gerek,
die pote word gestrek.
Gaan ek opstyg....of gaan ek sit?

As die son styg en die dag breek en
die tyd spoed meedoënloos voort,
kom die vraag:
Gaan dit warm wees....of koud?

Die lugstrome neem my op vlerke.
My lyf is gespanne en my oë soek.
My hede geanker in die verlede,
my oë gerig op dit wat kom,
my snawel gefokus op dit wat is.

Ek sweef met sirkels,
ek vlieg saam met my God:
Hoog bo my,
laag onder my,
vêr voor my,
reg agter my,
orals opweg saam met my God.

Geen veer word ontwortel sonder Sy wil.
Geen omstandighede sonder Sy raad.
Die weer verander en ek verouder,
maar God se raadswil staan vas.

Ek is gefokus
om te leef
om te eet,
om voort te plant.

Die sirkel word voltooi –
elke witkruisarend kry sy dag.
In die nes of in die ouderdom!

Dr. Kobus Erasmus

Droogte

O God, U huil droë trane,
U gemoed is vol.
U oog is seer.
Teen U het ons geen verweer!

Ons kan nie opkyk,
U in die oog kyk.
Ons blik is in die as
en U oog stort geen traan!

Wanneer gaan U oog weer huil?
Gaan daar trane van blydskap wees?
Gaan die grond weer jubel?
Want die aarde is `n lag met `n traan, o Heer!

Dr. Kobus Erasmus



KERKLIKE ADMINISTRASIE

Beroepe bedank

- Ds DJ Malan (Danie) van GK Uitschot na GK Daspoort

Veranderinge in kontakbesonderhede

GK Kroonstad/Pretoria
Predikant: Ds Arie Stavast se e-posadres het verander na: arie.stavast@gmail.com

Ons eie TV-platform: http://www.glomedia.tv/

Die GKSA en die NHK het saam ons eie TV-platform geskep om goeie Christelike programme op professionele TV standaard te vervaardig. Hoewel die vervaardiging eers vanjaar begin het, is baie ure en baie soorte programme vir jonk en oud reeds beskikbaar. Programme word weekliks bygevoeg.

Ondersteun die inisiatief deur na www.glomedia.tv te gaan en aan te sluit.
Jy kan ook armer gesinne borg of voorstelle maak deur 'n epos te stuur na navrae@glomedia.tv

Plaas asseblief in kerknuusbriewe, wys by afkondigings, & stuur elektronies na gemeentelede

PROPONENTE BEROEPBAAR GESTEL

Proponent GJ Venter (Jonker)
Sel: 082 566 3216
E-pos: venterjonker@gmail.com

Jonker en Erika met Alexander en Clarinda

Beroepbaarstelling ingevolge KO, art 11

Ds MJ Nkili (Jafta)
Sel: 086 636 8212 / 076 489 8601
E-pos: nkilijafta@gmail.com

Beroepbaarstelling is geldig tot 31 Augustus 2020

Die tweede reeks van Openbarings word vanaf Maandagaand op VIA, DSTV, kanaal 147 om 21:00 uitgesaai.

Die eerste reeks het oor die kultes wat aktief in Suid-Afrika is gehandel.

Die tweede reeks handel oor Christelike bedienings wat sê dat hulle spesiale openbarings van God ontvang, genesings doen en van hulle selfs mense uit die dood opwek.

Die volgende datums word deurgegee:

Episode 5 18 Mei 2020 Pastoor Johan van Eck

GEREFORMEERDE PUBLIKASIES
(Calvyn Jubileumboekefonds = CJBF)



Bestel by: Administratiewe Buro
E-pos: bestellings@gksa.co.za
Tel: 018 297 3986

Prys R70.00 (verpakking en posgeld uitgesluit)

Bestel by: Administratiewe Buro
E-pos: bestellings@gksa.co.za
Tel: 018 297 3986

Prys R65.00 (verpakking en posgeld uitgesluit)



Bestel by: Administratiewe Buro
E-pos: bestellings@gksa.co.za
Tel: 018 297 3986

Prys R25.00 (verpakking en posgeld uitgesluit)

Op die GKSA se boekrak



JH van Wyk, 2015, *Teologie van die koninkryk. Studies in dogmatiek en etiek*, Pretoria, 484 bladsye (verkrygbaar by die Admin Buro, Potchefstroom). Prys R250 plus posgeld.

Die boek bevat artikels wat die skrywer oor ‘n lang periode geskryf het en volgens die orde van die dogmatiek en die Nederlandse Geloofsbelydenis saamgestel het. Daar is artikels oor die Skrifleer, die Godsleer, die Christologie, die kerkleer, sakramente, apologetiek, etiek en die eskatologie (toekoms). Dit is byna ‘n soort verkorte dogmatiek. Daar is o.a. ‘n belangrike artikel oor die opkomende en aggressiewe ateïsme. Die boek is ideaal vir teologiese studente maar teoloë en belangstellende lidmate sal dit ook lesenswaardig vind.



JH van Wyk, 2018, *Augustinus. ‘n Studie oor die etiek van ‘n kerkvader uit Afrika,* Sun Press (African Sun Media), 233 bladsye. Prys ongeveer R200 plus posgeld.

In die boek fokus die skrywer op die etiese gesigspunte van hierdie groot kerkvader uit Afrika, maar hy doen dit teen die agtergrond van die lewe van die kerkvader en sy dogmatiese gesigspunte. Augustinus word beskou as een van die heel grootste teoloë wat ooit geleef het en lewer ‘n illustrasie dat Afrika ook ‘n groot bydrae tot die teologie in die kerk- en kultuurgeskiedenis gemaak het. Die boek het ook in Holland heelwat aandag getrek in resensies wat daar verskyn het. In Suid-Afrika het die boek in 2019 die Andrew Murray-prys ontvang. Een van die keurders van die boek het opgemerk: “Ek oordeel dat hierdie een [die boek] een van die heel beste teologiese boeke is wat nog in Afrikaans geskryf is.” ‘n Ander keurder het geskryf: “Hierdie werk staan uit as een van die groot teologiese bydraes in Afrikaans die afgelope drie dekades.” Die boek is in vloeiende Afrikaans geskryf en studente, teoloë en belangstellende lesers sal deur die inhoud verryk word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Hoe lief het ek u woning,
Here, Almagtige!
Ek versmag van verlange
na die tempel van die Here;
met alles wat ek is, wil ek jubel
oor die lewende God.
Psalm 84:1-3